33-1 ~~326.384.54~~

Departement van/Department of
POSTS AND TELEGRAPHS

AMPTELIK
OFFICIAL

For Release / Vir Vrystelling
After 12.00 Noon, 18.12.1961.

Nr./No.

PRESS STATEMENT BY THE MINISTER OF POSTS AND TELEGRAPHS, DR. A. HERTZOG, REGARDING THE APPOINTMENT OF A BANTU PROGRAMME CONTROL BOARD.

With a view to the establishment by the South African Broadcasting Corporation of a comprehensive and fulltime radio service for Bantu listeners, the Broadcasting Act was amended in 1960 to make provision for the appointment of a Bantu Programme Control Board in the S.A.B.C.

This body will assist the Board of Governors of the S.A.B.C. in their tremendous task of presenting to listeners a variety of regular and attractive programmes in various Bantu languages.

Dr. P.J. Meyer, chairman of the Board of Governors of the S.A.B.C., will act ex officio as chairman of the Bantu Programme Control Board. The following persons have been appointed as members of the new board for a period of three years:

Prof. J.P. van S. Bruwer, of the University of Stellenbosch; Dr. P.A.W. Cooke, Rector of the Bantu University College Ngoye, Zululand; the Rev. A.A. Odendaal, Rector of the N.G. Theological School Stofberg, Witsieshoek, and Mr. C.W. Prinsloo, of the Department of Information, Pretoria.

----oooOooo----

Department of Information,
Private Bag 152,
PRETORIA.

Departement van/Department of
BANTOE-ADMINISTRASIE EN ~~ONTWIKKELING.~~
BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

For Release / Vir Vrystelling
VERGELYK MET LEWERING
~~COMPARE WITH DELIVERY.~~

AMPTELIK
OFFICIAL

Nr./No. 1/1962(K)

TOESPRAAK VAN SY EDELE M.C. BOTHA, L.V., ADJUNKMINISTER VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING, BY DIE OPENING VAN DIE BANTOE-SAKEKOMMISSARISKANTOOR, KLERKSDORP, OP 13 JANUARIE 1962, OM 4.25 NM.

SPEECH BY THE HON. M.C. BOTHA, M.P., DEPUTY MINISTER OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT, AT THE OPENING OF THE BANTU AFFAIRS OFFICE, KLERKSDORP, AT 4.25 P.M. ON JANUARY 13, 1962.

Meneer die Seremoniemeester,
Meneer die Burgemeester,
Dames en here,

Ek is beïndruk deur die vinnige groei en ontwikkeling van u mooi dorp, wat ek al baie jare ken. Dit maak 'n goeie indruk en vervul die besoeker met vertroue in die moontlikhede wat hier aan 'n ieder gebied word. Dit strek ook tot eer van u wat sake hier bestuur.

Klerksdorp is van die oudste gevestigde nedersettings in Transvaal. Dit is nie net die middelpunt van die goudmynaktiwiteite in Wes-Transvaal nie, maar is ook naby die nuwe Vrystaatse goudvelde geleë en dit is net 18 myl van die Vierfonteinse steenkoolgebied waar die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie onlangs 'n kragstasie van R20,000,000 opgerig het. Dit is natuurlik ook 'n landbousentrum van alomerkende belang. Klerksdorp het verder reeds op noemenswaardige wyse industrieel ontwikkel.

Ook die Spoorwegadministrasie besef die belangrikheid van Klerksdorp en het juis onlangs grootskaalse uitbreiding teen 'n koste van meer as R520,000 aangegaan. Daarbenewens is die elektrifikasie van die spoorlyn tussen Johannesburg en Klerksdorp reeds voltooi.

Dames en here, u is 'n gelukkige gemeenskap wat voorwaar baie het van wat die hart begeer. Daar is egter een faktor wat by dit alles nie uit die oog verloor mag word nie en dit is die arbeid wat vir die ontwikkeling so nodig is. Die blankes het 'n baie groot bydrae in dié verband gelewer, maar so ook het die Bantoe sy bydrae gelewer.

Klerksdorp het ook nie agtergebly om aan die Bantoe wat hier werk, reg te laat geskied nie. 'n Nuwe stedelike Bantoewoonbuurt is beplan; op 18 Oktober 1957 is dit afgekondig en het die ontwikkeling daarvan begin toe 'n bedrag van R1,975,000 vir behuising beskikbaar gestel is. Met hierdie bedrag is 3,117 gesinswonings, 67 hostelblokke, twee laer primêre skole en 50 sakelokale opgerig.

Uit heffingsfondse is tot op 30 Junie 1961 projekte ten bedrae van R426,525 goedgekeur wat watervoorsiening, interne wateraanleg, straatwerke, stormwaterdreinering, sanitasie, elektrisiteitsvoorsiening en straatbeligting vir die Bantoewoonbuurt insluit.

/Die groot ...2

Die groot Bantoebevolking het ꞌn selfstandige Bantoe-sakekommmissariskantoor geregverdig, wat dan ook geruime tyd reeds bestaan. Die behoefte aan ꞌn nuwe en ruimer kantoor het mettertyd geblyk en, na deeglike ondersoek, is hierdie gebou, wat u vandag hier sien, opgerig.

Ek wil in hierdie stadium vir die lede van die Advies-raad en deur hulle, vir die Bantoebevolking sê dat al het die kantoor nou verander, die beleid nog dieselfde bly en dat hulle nog altyd die simpatieke behandeling van die verlede sal kry en dat hulle nog steeds met hulle probleme na hierdie kantoor vir oplossing kan kom.

Ek wil graag my dank oordra aan die Departement van Publieke Werke vir hulle goeie hulp en bystand en deur wie se bemiddeling hierdie mooi kantore opgerig kon word.

Die verskaffing van hierdie kantoor en gebou word vereis deur die aanwesige Bantoe-arbeid in Klerksdorp en omgewing. Dit sal dus seker gepas wees om ꞌn bietjie na te dink oor die implikasies van Bantoe-arbeid.

Die indiensneming van Bantoe-arbeid behoort ongetwyfeld nie as ꞌn eenvoudige sakie beskou te word nie. Dit het ꞌn uitgebreide trefwydte en is met baie aangeleenthede gemoeid behuising, lone, produktiwiteit, produksiekoste, arbeidsverhoudinge, vervoer, gesondheid (wat insluit sanitêre dienste, siektebestryding, hospitalisasie ens.) en les bes politieke oorweginge (soos ten opsigte van selfbestuur).

As u nou al hierdie en ander ongenoemde sake in aanmerking neem, sal u seker saamstem dat Bantoe-arbeid nie goedkoop is, soos menigmaal gesê word nie.

As ons dus meer Bantoe in diens wil neem, behoort ons onsself steeds af te vra watter uitwerking dit gaan hê op al die aangeleenthede so pas genoem.

Ons volwassenes van vandag het groot geword in ꞌn tydperk toe daar weinig aan hierdie fasette van die onderwerp gedink is: stilweg is voortgegaan met indiensneming van Bantoe sonder om aan die implikasies hierbo genoem, te dink. Maar ons oues moet nou ons ou vasgewortelde gedagtes losruk,want ons kinders word groot in die nuwe tyd: die tyd van selfstandigwording en vrymaking van mensegemeenskappe van sogenaamde dekolonisasie.

Hierdie situasie moet nugter, onbevange en prakties benader word: daar is geen plek vir wensdenkery of hoop dat sake maar sal bly soos vanouds en dat die Bantoe-arbeidsgemeenskap nie op al meer sal aandring nie. Daar is geen plek vir halfslagtighede om te verwag dat met ꞌn klein toegewing hier of ꞌn gebaar daar ꞌn end gemaak sal word aan toenemende eise nie.

Selfverwesenliking wil homself voltrek. En hoe meer Bantoe u en ek na ons Blanke tuisgebiede lok, des te meer van hulle sal hier wees en des te groter sal die taak wees om bevredigende verhoudinge te bewaar en vir almal aanneemlike ontwikkelinge aan die gang te sit. Behuising, vervoer, gesondheidsdienste,ens., is alles fisiek beheerbaar, maar daarby kan dit nie bly nie. Hierdie arbeidsgemeenskappe wil as mense ook menslike seggenskap uitoefen - politieke regte beoefen. En hoe meer daar van hulle tussen ons Blankes is, deste ingewikkelder is die oplossing, behalwe natuurlik as die Blanke abdikeer. Maar daarvoor sê die Blankes byna uit een mond "nee."

Die publiek moet dit alles nugter onder die oë sien. Daar is nie so iets as om net te praat van ekonomiese voordeel as

Bantoe-arbeiders vryelik sou instroom nie. Daarmee gaan saam maatskaplike, politieke en ander nadele wat selfs vermeende ekonomiese voordele sal vernietig.

Ek vra net realistiese benadering met ŉ altyd aanwesige besef van wat alles gemoeid is met toenemende Bantoe-arbeiders en waarheen sake onder so ŉ toename onafwendbaar ontwikkel.

As al hierdie implikasies goed besef word, sal ingesien word dat uitbreidings wat Bantoe-arbeid verg, baie oordeelkundig benader moet word: Eerstens moet dit as stelreël geld dat nywerhede met aansienlike getalle Bantoewerkers gevestig moet word in die grensgebiede, vlakby die Bantoe-tuislande. Tweedens dan, sluit hierby aan dat die ondernemings wat ver weg van Bantoetuislande af is met ŉ minimum van Bantoe-arbeidskrag voortgesit moet word. Hierin moet rasioneel te werk gegaan word deur Bantoewerkers te beperk deur die gebruik van arbeidsbesparende tegnieke, beter opgeleide werkkragte en nie-Blankes wat nie Bantoe is nie.

Ons gaan nou ŉ ontwikkelingstadium binne waarin hierdie sake van die allergrootste belang is. Nuwe maatstawwe moet dan ook gevind en toegepas word. Dadelik ontstaan byvoorbeeld die vraag: Wat is die arbeidsratio van Blank tot Bantoe wat in die Blanke stedelike gebiede as toelaatbaar beskou word?

U sal natuurlik besef dat in ŉ land met ŉ eensoortige bevolking die arbeidsbesetting 100% is - almal net van daardie eensoortige bevolking. Die ideaal in die Blanke gebiede sou dus wees 100% Blank, d.w.s. 1 Blanke teenoor 0 Bantoe. Nou ja, ons moet die werklike situasie in Suid-Afrika prakties benader en ons kan nou net streef na die ideaal.

ŉ Voorlopige algemene ontleding toon aan dat in 1957 die arbeidsverhouding van Blank tot Bantoe in die nywerhede soos volg was:

> Suid-Afrika as geheel 1 : 2.2; Transvaal 1 : 2.3; die Pretoria - Witwatersrand - Vereeniging-gebied 1 : 2.1; Vereeniging - Vanderbylpark-gebied 1 : 1.8; Parysdistrik (waarby Sasolburg ingesluit is) 1 : 0.9.

Dit sou uiters interessant wees om ŉ ontleding van verskillende nywerhede in die Blanke stedelike gebiede te maak, soos byvoorbeeld van meubelmakery, klerebedryf, staalwerke, ens. Daaroor miskien meer by ŉ ander geleentheid.

Aan die hand van die arbeidsverhoudinge so pas vermeld, behoort dit duidelik te wees dat die algemeen-geldende arbeidsverhouding vir stedelike Blanke gebiede aansienlik laer as die huidige landsgemiddeld van 1 : 2.2. moet wees. Hierin het ons geen keuse nie.

I hope you will agree with me that in planning future expansion and development it is imperative to bear this ratio between White and Bantu labour in mind. It will be very unwise to establish an industry in an urban area far away from the Bantu Homelands with a labour ratio which is more favourable to the Whites than that of the average for the country.

Allow me also to repeat here what I have already said before, because it supplements my remarks in connection with labour ratios. I think we should investigate the desirability of co-ordinated labour planning in South Africa. There is a need for research, advice and guidance in the field of labour. It is necessary to have a comprehensive picture of all White and non-White labour resources in

/South ......4

South Africa, of their specific advantages and shortcomings, of the requirements of commerce, industry, mining, agriculture, etc., and of ways and means by which available labour can be improved and used more economically. We will then be in a much better position to plan our economic expansion, to site our industries wisely and to canalise our labour forces to places where they can be utlized best and where they can enjoy self realization.

In this connection I may just as well correct two misconceptions which I have come across in the past few weeks.

Firstly, the urban Bantu residential areas cannot be looked upon as labour reservoirs for commerce and industry. An urban Bantu residential area is a secondary institution and not a primary institution. In other words it is the place where the approved workers (with their dependents, if any) must reside and not a place where potential workers must be kept in reserve for possible employers.

Secondly, the rural and urban areas of the Whites in South Africa cannot be expected to supply employment for all the potential workers of the Bantu Homelands. These workers should be drawn to the White areas only in so far as the White areas are unable to provide adequate labour.

It should be remembered that both the Bantu and the White Homelands should make provision for its own people first. Whites should therefore be in the Bantu Homelands and the Bantu should be in White Homelands only for justifiable service. Justifiable service must be the criterion.

Dames en Here, dit verskaf my nou genoeë om hierdie gebou oop te verklaar en ek hoop dit sal deur Blank en Bantoe gebruik word, nie net tot nut van elke groep nie, maar ook op so 'n wyse dat hier in toenemende mate onderlinge agting en samewerking tussen alle groepe sal wees.

--------------

Departement van Inligting,
Volkskasgebou 1001,
KAAPSTAD.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

Departement van/Department of
JUSTICE

**AMPTELIK**
**OFFICIAL**

For Release / Vir Vrystelling
Mornings January 18,1962.

Nr./No. 2/1962(K)

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS LIBRARY

PRESS STATEMENT BY THE HON. JOHN VORSTER, M.P.,
THE MINISTER OF JUSTICE.

Regarding the case of Ganyile the Attorney-General of Grahamstown today (January 17) informed me that as a result of the fact that it has now been determined that the arrest did actually take place within the border of Basutoland, he has decided not to proceed against him with the preliminary enquiry into allegations of attempted murder and incitement to murder.

The disclosure will be announced in court at Umtata on Friday, the 19th instant, and Ganyile will then be afforded the opportunity to return to Basutoland, where he was arrested the night of August 26, 1961.

Minister Louw has already informed the British Ambassador, Sir John Maud, in the proper manner, and conveyed the regret of the Government that the incident occurred.

The incident took place in the mountainous part of the border of the Republic and Basutoland after the Police, who had been looking for four suspected murderers of Basuto chief Stanford, had unwittingly crossed the order during the night in a dense fog.

In their search the Police reached a hut where they thought that the suspected murderers might be hiding. They established that it was inhabited. They knocked and announced that they were the Police. The door was opened. When they entered a constable was hit in the face with an axe and seriously injured.

There were three Bantu in the hut who, after a struggle, were taken to the police car which had been left on the road at the foot of the mountain. Only after the incident was it found that one of the persons was Ganyile.

He was afterwards detained in terms of Regulation 400, promulgated in terms of the provisions of the Transkeian Annexation Act 1877, and other old Cape laws, for questioning, until he had appeared in the Magistrate's Court at Umtata on December 22, 1961, and again on January 5, 1962.

I am satisfied, after a comprehensive enquiry which I had a senior police officer undertake, that the police acted in good faith. It was estimated that the distance by which the police overshot the border ~~was 500 yards, but a surveyor established~~ that it was 638 yards.

-------------

14 FEB 1962

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS
REFERENCE LIBRARY

PRIME MINISTER

3/1962(K)

Midnight Jan.18/19,1962

## STATEMENT BY THE PRIME MINISTER

The Press Commission was originally formed under the Minister of the Interior in whose Department an Information Service existed. With a view to the importance of the distribution of information about South Africa abroad, this Information Service was later placed under the Minister of Foreign Affairs. For administrative purposes the Press Commission was transferred at the same time although, as is customary, the Minister would not have to do with the essence of this independent body's task.

The creation of a Department of Information made the administrative duty in regard to the Press Commission the responsibility of the Minister of Information. In this capacity he recently received from the chairman the first part of the Commission's report. Because dealing with and studying the report with a view to consideration by the Government concerns internal rather than information matters, the Government has decided that the administration of the Press Commission should be placed again under the authority of the Minister of the Interior. The latter will thus be charged with making the report public and with stating the Government's attitude to it. As soon as Minister de Klerk has had an opportunity to acquaint himself thoroughly with the contents of this part, the report will be tabled in Parliament. This will be as soon as possible.

------------

Departement van/Department of

**AMPTELIK**
**OFFICIAL**

VERDEDIGING
DEFENCE

For Release / Vir Vrystelling

Nr./No. 4/1962(K)

SOUTH AFRIC
REFERENCE
LIBRARY
ITUTE OF RACE RELATI

Middernag 18/19 Jan.1962
Midnight 18/19 Jan. 1962.

## PERSVERKLARING DEUR DIE MINISTER VAN VERDEDIGING, SY EDELE J.J. FOUCHE

Na aanleiding van persberigte oor die Regering se wapenbouprogram, het die Minister van Verdediging, mnr. J.J. Fouché, vandag te kenne gegee dat alhoewel hy nie bereid is om om klaarblyklike redes kommentaar te lewer oor die Regering se planne nie, hy onomwonde wil verklaar dat geen kleingeweerwapens of -ammunisie met behulp van die Britse Regering in Suid-Afrika vervaardig word nie.

Dit is ʼn bekende feit dat die Departement van Verdediging al sedert 1952 sy eie fabriek het vir die vervaardiging van kleingeweer- en ander wapens en dat die Suid-Afrikaanse Munt sedert die begin van Wêreldoorlog II kleingeweerammunisie vervaardig.

Om dus te beweer dat die Republiek nou besluit het om hierdie soort wapens en ammunisie te vervaardig vir gebruik teen sy eie nie-blanke bevolking is loutere onsin het die Minister verklaar.

---

## PRESS STATEMENT BY THE MINISTER OF DEFENCE, THE HON. J.J. FOUCHé.

As a result of Press reports about the Government's arms production programme the Minister of Defence, Mr. J.J. Fouché, intimated today that although he was not prepared for obvious reasons to comment on the Government's plans, he wished to state frankly that no small arms or ammunition were being manufactured in South Africa with the assistance of the British Government.

It was a well-known fact that the Department of Defence had had its own factory for the production of small arms and other weapons since 1952 already and that the South African Mint had manufactured small arms ammunition since the beginning of World War II.

To allege, therefore, that the Republic had now decided to manufacture this type of weapon and ammunition for use against its own non-European population was sheer nonsense, the Minister said.

-------

Departement van/Department of

LANDE
LANDS

# AMPTELIK
# OFFICIAL

For Release / Vir Vrystelling Nr./No. 5/1962(K)

WANNEER GELEWER
AFTER DELIVERY

SOUTH AFRICAN REFERENCE LIBRARY

TOESPRAAK DEUR DIE MINISTER VAN LANDE, SY ED. P.O. SAUER, L.V., BY DIE OPENING VAN DIE NUWE LANGKLOOF-KOÖPERATIEWE KOEL- EN PAKKAMERS TE + LOUTERWATER OP 20 JANUARIE 1962 OM 3 NM.

ADDRESS BY THE MINISTER OF LANDS, THE HON. P.O. SAUER, M.P., AT THE OPENING OF THE NEW LANGKLOOF CO-OPERATIVE COLD STORAGE AND PACKING HOUSE BUILDING AT LOUTERWATER AT 3 P.M. ON JANUARY 20, 1962.

Mnr. Die Voorsitter, Dames en Here,

Dis vir my n besondere eer om vandag die opening van u nuwe Koelkamers en Pakkamers hier te kan waarneem. Ek kan u verseker dat ek hierdie uitnodiging ten seerste waardeer veral ook daar die vrugtebedryf my baie na aan die hart lê. Soos u weet is ek nou al vir sowat 30 jaar verbonde aan hierdie dele en was ek n belangstellende toeskouer in die byna fenomenale ontwikkeling hier. Dit is na aan my hart.

Soos u weet, het die uitvoer van sagtevrugte en van sitrusvrugte gedurende die oorlogsjare grootliks tot stilstand gekom as gevolg van die inkorting van skeepsfasiliteite. En omdat die ontwikkeling van hierdie twee bedrywe nog altyd grootliks aangewys was op die uitvoermark, het dit gevolglik ook gekwyn. Die binnelandse markte is weliswaar soveel moontlik ontgin maar die is maar van beperkte omvang en kon geensins die verlies van die uitvoermark vergoed nie.

Hier in die na-oorlogse periode vanaf ongeveer 1947, het beide die sagtevrugte- sowel as die sitrusbedryf n fenomenale ontwikkeling en uitbreiding ondergaan. Aanplantings het op groot skaal plaasgevind en uitvoere het spoedig die voorcorlogse peile ver begin oortref.

Uitvoer van vrugte 1950 - 51 = 34,000 ton; 1960-61 = 100,000 ton. Tot hierdie skouspelagtige uitbreiding in uitvoere het appels en in mindere mate ook pere, hul deel bygedra. Appeluitvoere wat in 1950/51 maar iets meer as 3,000 ton was, het sedertdien gestyg tot byna 53,000 ton in 1960/61 seisoen. Uitvoere van pere daarenteen het toegeneem van sowat 10,000 ton in 1950/51 tot byna 29,000 ton in 1959/60.

Die vrugte-industrie, veral in Weskaapland, tesame met die inmaakbedryf, die droëvrugtebedryf en die wynbedryf, het gevolglik hier in die na-oorlogsjare ontwikkel tot een van die belangrikste enkel-boerderybedrywe van ons land. Volgens die statistieke verkry uit die 1955 boordopname was daar toe reeds meer as 11 miljoen vrugtebome van alle soorte aangeplant en tans ongeveer 220 miljoen wingerdstokke.

/Die ......2



+ Louterwater: Tussen Uniondale en Albertinia
Between " and "

Die waarde van die produksie,bereken teen plaaspryse van sagtevrugte, d.w.s. vir vars vrugte, inmaakvrugte, droëvrugte sowel as wyn, word tans beraam op byna R50-miljoen per jaar, waarvan 'n aansienlike bedrag bestaan uit buitelandse valuta.

Met die ontwikkeling van hierdie groot en belangrike landboubedryf het die Langkloofstreek 'n groot bydrae tot voordeel van u boeregemeenskap asook die land in die algemeen gelewer. Dit is veral waar ten opsigte van appels wat in werklikheid die murg van die ruggraat van hierdie streek is. Trouens Langkloof is vinnig besig om een van die belangrikste appelproduserende streke van ons land te word.

Volgens die boomopname wat die Sagtevrugteraad in 1959 gemaak het, is die Langkloof saam met Elgin en Ceres die vernaamste appelstreke. Volgens hierdie opname was daar toe meer as een miljoen appelbome, draende sowel as nie-draende, in die Bo- en Onder-Langkloof, teenoor iets meer as 800,000 in Elgin en sowat 'n half miljoen in Ceres. Dit beteken dat sowat 36 persent van al die appelbome in die Kaapprovinsie in hierdie streek is en meer as 40 persent van die draende appelbome. Die belangrikheid van hierdie streek wat betref appelverbouing , blyk dus baie duidelik uit hierdie paar syfers.

Maar ook wat betref pere het die Langkloof, d.i. hoofsaaklik die Onder-Langkloof, ontwikkel tot 'n baie belangrike produksiestreek, in werklikheid die derde grootste. Volgens die boomopname van die Sagtevrugteraad was daar in 1959 sowat 214,000 peerbome in die Langkloof waarvan byna 60 persent nog in die nie-draende stadium was.

Gedurende die vorige (1960-61) seisoen is uit die Onder-Langkloof 143,000 kiste pere en 550,000 kiste appels uitgevoer. Hiervoor is 'n totaal van byna R1.7-miljoen aan produsente betaal deur die Sagtevrugteraad. Die total uitbetalings aan die Langkloof vir uitgevoerde sagtevrugte was 10 persent van die totale uitvoerbetalings aan sagtevrugteboere. Net drie ander streke het 'n hoër persentasie ontvang, nl. die Hexrivier met sy druiwe, 25 persent, Elgin met 22 persent en Ceres met 19 persent. Hierdie syfers laat duidelik blyk wat 'n belangrike uitvoergebied die Onder-Langkloof is, en dit is juis op hierdie gebied van uitvoer dat die Koelkamers van die Langkloof Ko-operatiewe Koelkamers en Pakkamers so 'n belangrike toekomstige rol sal speel. Na verwagting sal dié Koöperasie in sy eerste seisoen ongeveer die helfte van die Onder-Langkloof se uitvoerappels en pere hanteer en mettertyd vir 'n totaal van meer as 650,000 kiste verantwoordelik wees.

Waar hierdie streek ten opsigte van kulturele praktyke reeds goeie vordering gemaak het, word tans deur middel van hierdie gesamentlike onderneming oortuigend bewys dat hierdie boeregemeenskap dit ook erns is om hulle produkte op die mees doeltreffende wyse te hanteer, op te berg en te verpak, ten einde ook ten opsigte van die bemarking van hulle produkte die hoogste doeltreffendheid te bereik.

Hierdie koelkamers en pakkamers sal lei tot groter eenvormigheid van verpakking en beter uitvoerkwaliteit. Dit is juis op die grondslag van hoë kwaliteit wat die Langkloof en die Westelike Provinsie so 'n hoogstaande reputasie vir Suid-Afrikaanse sagtevrugte op die oorsese markte opgebou het, en dit is juis kwaliteit wat in die wêreld-konkurrensie so 'n belangrike rol in die toekoms gaan speel. Die Sagtevrugteraad het dan ook hierdie Koöperasie uitgekies as een van die pakhuise wat sal behulpsaam wees met die rasionalisasie van hantering ten einde koste vir uitvoernywerheid te bespaar.

/Dit .....3

Dit word my verseker dat hierdie eenheid, in die lig van die nuutste kennis, as ʼn model beskou kan word.

Ek verneem hierdie moderne koelkamer bestaan uit 7 aparte vertrekke met ʼn kapasiteit van 80,000 tot 100,000 kaste vrugte. Elk van die 7 vertrekke is deur middel van ʼn geut met ʼn sentrale verkoelingseenheid verbind/en die toevoer van koue lug kan deur middel van kleppe so gekontroleer word, dat die vrugte in elke kamer afsonderlik voorverkoel kan word, en daarna by ʼn bepaalde temperatuur gehou word, met die toevoer van net voldoende koue lug.

Die masjienkamer kan ʼn mens net met bewondering vervul. Dit herinner ʼn mens aan een van die installasies by Cape Canaveral waarmee die Amerikaners vuurpyle afskiet. Met die eerste oogopslag het ek gedink dat Langkloof se vuurpyle om reën te maak en hael te beheer hiervandaan afgeskiet word. Toe verneem ek dat dit die senuweestelsel van al die koelvertrekke behuis en dat beide temperatuur en vogtigheid binne noue perke in hierdie kamer outomaties beheer word.

Mr. Chairman, Ladies & Gentlemen,

I heartily congratulate you on this great achievement which you have brought about through joint effort. It should not only prove a boon to local fruit producers but also to the deciduous fruit industry as a whole.

These cold storage and packing-house facilities have long been overdue. Taking into consideration the production potentialities of this area, and comparing the capacity of similar installations for packing and cold storage in other areas, it would seem that this unit is merely a forerunner of more such undertakings to follow. Langkloof disposes at present over only 4% of the available cold storage capacity for fruit in South Africa.

In respect of the large-scale packing of fruit, Langkloof of course, still falls behind areas the Kouebokkeveld and Elgin, where for many years packing houses have been packing more than 50,000 cases per season. One of these packing houses, for example, packed more than three-quarter million cases of apples and over 100,000 cases of pears during the 1960 season.

In your area, packing is still mainly undertaken in private packing stores, which are much too small to justify efficient facilities and management. I feel the high percentage of rejections in respect of Langkloof fruit can be ascribed to this system of packing. In any case, room for improvement exists in this respect; and I sincerely hope that more co-operative undertakings like this one will be started in due course.

One must always bear in mind that there are certain definite advantages to large-scale packing units. Thus large packing units can best afford modern equipment at a higher capital outlay. Furthermore, packing costs per unit are lowered as a result of the increased volume of fruit handled during a season. Besides, large packing units can afford better management; therefore packing can be carried out more efficiently, with waste at a minimum. These units can also easily apply improved methods of handling, such as the mass handling of fruit and almost above all, uniformity of grade and cheaper advertising.

But there is still a further advantage in co-operative packing and this may even be the most important: Co-operative

packing enables the farmer to devote more attention to the harvesting and handling of his fruit on the farm, because he is now relieved of the worries connected with packing. The latter is now taken care of by the packing house - and the farmers' main concern should be to deliver fruit of the best quality and in the best condition.

Dit bring ons dus weer terug by die boer self en die taak wat hy as indiwiduele produsent te vervul het, asook die rol wat hy in hierdie onderneming moet speel. Alhoewel verpakking van die vrugte nou uit sy hande geneem is, moet hy dit geensins beskou dat sy verantwoordelikhede nou minder geword het nie. Soos ek reeds gesê het, moet hy die daarstelling van hierdie pakhuis beskou in die lig dat hy nou die geleentheid kry om veel meer tyd en aandag aan sy vrugteoes op die plaas te gee. Ek wil graag net kortliks verder op hierdie aspek ingaan.

Koelopberging is ꞌn metode om produkte te bewaar net soos daar ander metodes van preservering is soos inmaak, droog, bevriesing, maak van wyn deur gisting ens.

Alhoewel die beginsels van preservering deur middel van verskillende metodes verskil, het hulle almal een belangrike eienskap in gemeen, naamlik dat geen metodes van preservering, die gehalte van vars vrugte kan verbeter nie.

In hierdie verband het koelopberging die grootste tekortkoming in vergelyking met sommige van die ander metodes van preservering, want alhoewel die lewensfunksies van ꞌn vrug by lae temperature vertraag word, bly die vrug lewend en al die prosesse vind slegs teen ꞌn vertraagde tempo plaas. Selfs teen die vertraagde tempo egter, word enige inherente swak eienskap in die vrug vroeër of later ontmasker, en dan ontwikkel daar allerlei koelopbergingskwale wat die vrugte minderwaardig of selfs onbemarkbaar maak. En onthou verliese wat gedurende koelopberging plaasvind, is duur verlies

Met ander woorde, die koelopbergingsvermoë van die vrug word al aan die boom bepaal en daarom is en bly die boer se taak en verantwoordelikheid op sy plaas. Hy moet toesien dat alle verbouingspraktyke so toegepas word dat dit kwaliteit bevorder.

Die boer is ook tot ꞌn baie groot mate verantwoordelik vir die gesonde ekonomie van die vrugtebedryf, want in die eerste plek word wins of verlies bepaal deur die produksie per boom.

En nou wil ek ꞌn paar woorde van welmenende kritiek lewer in die verwagting dat dit konstruktief sal wees.

Volgens statistiek aan my verstrek het Elgin met 30% van die totale draende appelbome in 1960, 53% van die totale hoeveelheid appels wat uitgevoer is gelewer. Daarenteen het Langkloof met 43% van die draende bome egter slegs 28% van die uitvoere gelewer. In dieselfde jaar is meer as 700,000 kissies appels van Langkloof uitgevoer, en volgens beraming is dit 40% van die totale oes. Dit wil sê die totale opbrengs van sowat 800,000 draende bome was minder as 1,800,000 kissies. Dit is maar ꞌn rapsie meer as 2 kissies per boom.

Hierdie lae opbrengs per boom, alhoewel gedeeltelik te wyte aan ꞌn hoë persentasie jong bome, is verontrustend want dit bring met hoë koste per kissie mee. Dit noodsaak die produsent om die toestand in oënskou te neem en alles in die werk te stel om die opbrengs per boom op te stoot.

Dit is natuurlik raadsaam om nie produksie op te stoot ten koste van kwaliteit nie, maar dit is ongesond as beide produksie en kwaliteit mank gaan. En dit is blykbaar wat hier gebeur, as die

/produksie-,,,5

produksiesyfiers korrek is, en die verslag oor die hoë persentasie afkeurings van Langkloof appels waar is.

Weens die feit dat vrugteboerdery 'n hoogs gespesialiseerde bedryf is, word aan die boer om 'n sukses daarvan te maak hoë vereistes gestel en hy moet wetenskaplik onderrig wees in al die aspekte van verbouing.

Ons is almal bekend met die legende van die boer wat met saaityd een deel vir homself gesaai het en een deel vir die insekte. Toe was boerdery in werklikheid om 'n deel met die insekte. In daardie dae toe plase groot en betreklik goedkoop was, was op elke plaas genoeg kos vir almal, insluitende die insekte. Boere het gevolglik nie baie beswaar gemaak teen die deelboerdery met insekte en plae nie. Hulle het maar net meer gesaai en geplant.

Met die intensifisering van landbou egter het dergelike probleme van groot ekonomiese belang geword. Trouens die kapitaalbelegging het so 'n hoogte bereik dat dié tipe van deelboerdery nie langer geduld kan word nie.

Met insekte en siektes sal die boer altyd te kampe hê, maar elke boer moet toesien dat hy dit so doeltreffend as moontlik beheer, in die lig van die nuutste bestrydingsmetodes.

Danksy navorsing by die Westelike Provinsie Vrugtenavorsingsinstituut is daar die verblydende nuus dat die vrugteboer nog een van sy ou vennote - die vrugtevlieg - vaarwel kan sê.

Wat vir die beheer van insekte en siektes geld, geld ook vir die beheer van ander kwale en gebreke wat kwaliteit belemmer. Dit is ook van toepassing ten opsigte van al die verbouingspraktyke, insluitende rypbestryding, waardeur die produksie per eenheid opgestoot kan word sonder om kwaliteit prys te gee.

Die probleme van so 'n hoogsgespesialiseerde en intensiewe boerdery soos vrugtebouing is legio, en die boer moet gevolglik alles in sy vermoë doen om op hoogte te bly en ten volle vertroud te raak met die nuutste navorsingsresultate.

Die Departement van Landbou-tegniese Dienste doen sy uiterste om die probleme van die bedryf op te los, en ten einde soveel tyd as moontlik vir navorsing beskikbaar te stel, word voorligting soveel as moontlik aan groepe en streke gebring, instede van aan indiwidue. Baie van die basiese navorsing is in alle streke van toepassing en kan dus op 'n sentrale plek gedoen word. Baie van die basiese bevindings kan egter nie in die praktyk sonder meer direk in alle streke toegepas word nie. Dit is dikwels nodig dat die bevindings getoets en aangepas moet word onder plaaslike omstandighede.

Die Departement van Landbou-tegniese Dienste besef terdeë die behoeftes van hierdie streek met sy spesiale probleme, en om dié rede is dan ook besluit om 'n proefplaas in die streek te bekom, waar spesiale probleme plaaslik ondersoek kan word. Die proefplaas sal prioriteit No. 1 ontvang, maar ten spyte daarvan moet u onthou dat die verkryging en ontwikkeling van so 'n proefplaas tydrowend is, en dat proewe in verband met langtermyngewasse eers na baie jare resultate kan afwerp. Daarom sal intussen voortgegaan moet word om spesiale probleme plaaslik te ondersoek met behulp van koöperatiewe proewe by boere.

/Mnr. .....6

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.